
# Mamma ek wil 'n man hê

Veral as hy in so 'n mooi, manlike trui rondloop!



Trui gebrei deur Anet Nel

## Benodigdhede:

Pingouin Family Knit DK (50 g-bolle); 150 g wit (kleurnr. 01, A), 200 g swart (17; B), 150 g denim (50, C), en 350 g goudkleur (38, D); breinaalde van 3,75 mm en 4,50 mm; omsteeknaald (*circular needle*) 4,50 mm en 40 cm lank; stekehouer.

• Die patroon is taamlik maklik.

## Mate

Om borsmaat van 102-107 cm lossies te pas; ware grootte 116 cm; lengte tot skouer 72 cm; mounaat 50 cm.

## Spanning

21 ste en 27 rye = 10 x 10 cm met 4,50 mm-Ne.

## Streeppatroon

*1 ry D, 1 ry B, 4 rye D, (1 ry B, 1 ry A) 2 keer, 1 ry B, 4 rye D, 1 ry B, 1 ry D, 1 ry B, 1 ry A, 1 ry B, 2 rye C, 1 ry B, 6 rye C. Herh vanaf *.

## Agterpant

Gebruik 3,75 mm-Ne en D en stel 114 ste op, brei 3 cm d-rif, vermeer 12 ste, eweredig gespasieer oor die laaste rif-ry - 126 ste.

Slaan oor na ks en streep-pat, brei tot pant 70 cm lank is vanaf beg.

Hals en skouervorming: vlg (RK-)ry: Brei 50 ste pat, draai en plaas oorbl ste op 'n stekehouer. Heg aan halsrand 3 ste af in vlg 2 alt rye.

Brei tot werk 72 cm lank is, heg oorbl ste af.

Tweede skouer: Met RK voor, laat vlg 26 ste op 'n stekehouer, heg regte kleur werkdraad aan oorbl ste vas en brei tot einde.

Voltooi soos 1e skouer, maar met omgekeerde vorming.

## Voorpant

Soos agterpant tot werk 64 cm lank is vanaf beg.

Hals- en skouervorming, vlg ry: Brei 56 ste, draai en plaas oorbl ste op 'n stekehouer.

Eerste skouer: Heg aan halsrand in alt rye soos volg ste af: 3 ste een keer, 2 ste 3 keer, 1 st 3 keer. Brei tot werk 72 cm lank is en heg oorbl ste af.

Tweede skouer: Met RK voor, laat vlg 14 ste op skouer, heg werkdraad aan vlg st vas, brei soos vir eerste skouer, maar met omgekeerde vorming.

## Moue

Gebruik 3,75 mm-Ne en D, stel 46 ste op en brei 3 cm d-rif, vermeer 16 ste, eweredig gespasieer oor laaste rif-ry - 62 ste.

Slaan oor na ks en streep-pat.

Mouvorming: Vermeer tegelykertyd 1 st aan weersk van afwisselend 4e en 6e ry, 6 keer, dan 1 st elke 4e ry, 22 keer - 118 ste.

Brei tot mou 50 cm lank is en heg af.

## Afwerking

Blok alle pante volgens mate.

Bedek met 'n klam lap en laat droog word.

Werk skouernate toe. Werk moue vas.

Werk sy- en mounate toe.

Halsboordjie: Gebruik omsteeknaald en D en tel sowat 100 ste uit halsrand rondom op.

Brei 6 cm d-rif en heg lossies, rifsgewys af.

Vou boordjie na binnekant om en glipsteek vas.

## Afkortings:

adl - agter deur lus
alt - alternatiewe
AP - agterpant
aw - brei aweregs
beg - begin
d-rif - dubbelriffelsteek, r2, aw2
fats - fatsoeneer
gl - glip
grn - gare rondom naald
herh - herhaal
ks - koussteek, 1 ry regs, 1 ry aweregs
LN - linkernaald
m1 - maak 1 st deur 2 keer in dieselfde st te brei
ms - mossteek, r1, aw1 en verspring elke ry
N(e) - naald(e)
oorbl - oorblywende
pat - patroon
r - brei regs
randst - randsteek
r1-o - regs in st wat onder vlg st lê
rif - riffelsteek, r1, aw1
rifsgw - rif(fel)gewys
rs-reksteek - elke ry regs
R(V)K - regte(verkeerde) kant van werk
st(e) - steek(steke)
tes - tesame
VK - verkeerde kant
vermeer - vermeerder
vermin - verminder
vlg - volgende
VP - voorpant
weersk - weerskante

**Hekel**

dsl - dubbelslagsteek
gs - glipsteek
kb - kortbeen
ks - kettingsteek
lb - langbeen
driesl - drieslagsteek

**Weens 'n gebrek aan ruimte plaas ons slegs enkele diagramme van ons wintertruie op bl. 67. Bel ons by (011) 483-1070 bylyn 126 of 197, dan faks of pos ons die diagramme aan jou.**